# DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

5/2026 (Skippertjie nr. 55) 13 Februarie 2026

**IN HIERDIE UITGAWE**

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. WKOD-sistemiese toetsing
2. Atletiek
3. Krieket
4. Redenaars
5. Swem
6. Personeelverjaardae
7. Lojaliteitsprogramme
8. Buite aktiwiteite
9. Skoolfonds vir 2026

***"When you greet people with joy, you'll have shared your joy with them."***

**Afrikaanse idioom van die week**

**Die kat aan die stert beethê:**

Iets verkeerd verstaan.

**2026 SKOOLKWARTALE**

**1ste:** 14 Januarie – 27 Maart
**2de:** 8 April – 26 Junie
**3de:** 21 Julie – 23 September
**4de:** 6 Oktober – 9 Desember

## UIT DIE KAJUIT

'n Groot deel van respek wys is om ander mense te groet. Ons probeer die kinders hier by die skool leer om ander mense vriendelik te groet. Die meeste van hulle groet altyd vriendelik wanneer iemand verby hulle stap. Dit is so lekker om elke dag die stralende gesiggies te sien. Die vraag is: Hoe lyk die prentjie op ons as volwassenes se gesigte? Ja, ek weet dit gaan maar soms moeilik en daar gebeur soms negatiewe dinge om ons wat ons ontstel, maar ons moet nooit toelaat dat dit wat om ons gebeur ons vreugde steel nie. Vriendelikheid beteken om mense so te behandel dat hulle altyd welkom in jou geselskap of omgewing voel. In die Bybel in Galasiërs 5:22 word vriendelikheid as een van die vrugte van die Gees aangeprys. 'n Vriendelike mens laat sy vreugde uit hom/haar straal. U het seker ook al gehoor dat 'n glimlag aansteeklik is. Met 'n glimlag kan mens 'n ander se dag maak. Dalk is dit iemand wat net nodig het om te voel dat iemand anders vir hom of haar omgee. Ons kan dit doen deur sommer almal om ons elke dag vriendelik te groet, sonder dat ons die ander mense noodwendig ken of van hulle hou. 'n Vriendelike glimlag is soos 'n skynende lig. So kan ons met ons glimlagte en vriendelikheid probeer om die lig in ander mense se lewens te wees. Mooi naweek vir almal.

*Dr. André Smith*

## BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

**1. WKOD-sistemiese toetsing**

Jaarliks word alle graad 3 en 6 leerders onderwerp aan sistemiese toetsing van die WKOD in Wiskunde en Taal. Die uitslae van 2025, wat ons onlangs ontvang het, wys dat ons slaagsyfer en gemiddeldes eerstens ver bo die provinsiale uitslae is en tweedens ook aansienlik hoër is as ander kwintiel 5 skole wat soortgelyk aan Park is. Hierdie uitslae is weereens 'n onteenseglike bewys van die hoë akademiese standaard wat ons hier handhaaf en dat ons leerders op akademiese gebied vir geen skool hoef terug te staan nie. Ons is baie trots op ons leerders en personeel wat elke dag 100% gee. (Sien 'n opsomming van die uitslae onderaan die nuusbrief.)

**2. Atletiek**

Tydens die Mosselbaai-streeksbyeenkoms het ons atlete puik gevaar en 47 atlete dring deur na die Eden-byeenkoms wat op 28 Februarie plaasvind. Die Nashua-Outies byeenkoms te Laerskool Outeniqua het ook plaasgevind. Ons atlete het ook daar baie goeie oefening gekry en goed gevaar. Baie geluk aan Miané Schutte wat die rekord in die 75 meter hekkies vir dogters o/13 verbeter het. Baie sterkte aan al ons atlete wat verder deelneem. Hou aan hard werk en gee altyd 100%!

## Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.parklaerskool.co.za

### VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 23 Feb: o/11 Rugbyproewe
o/10-o/12 Netbalproewe
Di, 24 Feb: Bloedskenk
o/13 Hokkieproewe
Wo, 25 Feb: Swem: Holy Cross
Krieket v Diaz (o/11-o/13)
Do, 26 Feb: Tennis v Hartenbos
Vr, 27 Feb: Gr. RRR-R Atletiek
Landsdienskamp
Sa, 28 Feb: Atletiek: Eden-byeenkoms
Tennis: Eden Synergy cup
Landsdienskamp




### BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park
Bank: Standard Bank
Rekeningnommer: 060822643
Tipe rekening: Business Current Account
Takkode: 051001 (George)
Verwysing: Familiekode

**3. Krieket**

Die uitslae van die week se wedstryde was as volg:
Teen Laerskool Outeniqua:

- o/13A wen met 8 paaltjies (Avaro Potgieter 63* en 2/23; Le Roux Keyser 3/17)
- o/13B verloor met 7 paaltjies (Divan Pretorius 2/7)

Teen Milkwood:

- o/11A wen met 82 lopies (Adriaan Harmse 51*; Tamil Roberts 3/7)
- o/11B wen met 9 paaltjies (Kian le Grange 24*; Derich Wessels 5/17)
- o/13A wen met 6 paaltjies (Avaro Potgieter 49* en 2/14)
- o/13B wen met 6 paaltjies (Caleb Daries 18*)

Die o/7-o/9 mini-krieketspanne het ook teen Milkwood gespeel en hulleself goed van hul taak gekwyt. Baie geluk aan al die spanne met goeie uitslae.

**4. Redenaars**

Tydens ons interne redenaarskompetisie was die uitslae as volg:

| **Graad 1-3** | **Graad 4-5** | **Graad 6-7** |
|---|---|---|
| 1. Harlow Kühn-Swanich | 1. Dawid Bosua | 1. Jana Kruger |
| 2. Liebe Strauss | 2. Liebe Venter | 2. Ingrid Keyser |
| 3. Liya Smit | 3. Dewan Hutten | 3. Amelia Muller |

Baie dankie en geluk aan al die leerders wat deelgeneem het.

**5. Swem**

Tydens die Eden-liga swemgala het die volgende leerders presteer:

- Ané Venter: 4 eerste plekke
- Markus van Schoor: 2 eerste plekke, 4 tweede plekke en 1 derde plek
- Liné Schoeman: 1 eerste plek en 1 tweede plek
- CJ Venter: 1 eerste plek, 1 derde plek en 1 vyfde plek

Baie geluk aan hierdie swemmers.

**6. Personeelverjaardae**

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 22 Februarie: Lee-Ann Kruger
- 26 Februarie: Leonine Kleyn

Mag u 'n geseënde jaar beleef.




**7. Lojaliteitsprogramme**

Ons is baie dankbaar vir alle besighede en instansies wat die skool ondersteun. *Astron Energy D'Almeida* en *Kwanonqaba Apteek* is twee van hierdie besighede wat ook lojaliteitsprogramme geloods het waarby die skool voordeel trek wanneer u van hul dienste gebruik maak. Ondersteun hulle gerus en maak so 'n bydrae tot die skool. (sien hul advertensies onderaan)

**8. Buite aktiwiteite**

Tydens die WPCSSA-streeksbyeenkoms het Riley van Eck 'n tweede plek behaal in die 80 meter wedloop. Sy kwalifiseer om aan die provinsiale kampioenskappe deel te neem. Baie geluk.

**9. Skoolfonds vir 2026**

- **Graad 1 – 7: R14 400 per jaar**
- **Graad R: R14 800 per jaar**
- **Graad RR: R16 000 per jaar**
- **Graad RRR: R19 500 per jaar**

Ouers wat hul skoolfonds vooruit betaal teen einde Februarie ontvang 5% korting. Baie dankie aan al ons ouers wat getrou hul skoolfonds betaal!

# Sistemiese uitslae – 2025

## Graad 3

### Wiskunde

| | Slaagpersentasie (50%) | Gemiddeld |
|---|---|---|
| **Laerskool Park** | **98,8%** | **89,7%%** |
| Kwintiel 5 skole | 77,9% | 67,1% |
| Wes-Kaap skole | 62,0% | 57,2% |

### Afrikaans

| | Slaagpersentasie (50%) | Gemiddeld |
|---|---|---|
| **Laerskool Park** | **95,2%** | **73,4%** |
| Kwintiel 5 skole | 71,7% | 61,4% |
| Wes-Kaap skole | 51,2% | 49,1% |

## Graad 6

### Wiskunde

| | Slaagpersentasie (50%) | Gemiddeld |
|---|---|---|
| **Laerskool Park** | **93,4%** | **74,5%** |
| Kwintiel 5 skole | 67,5% | 61,1% |
| Wes-Kaap skole | 41,6% | 47,0% |

### Afrikaans

| | Slaagpersentasie (50%) | Gemiddeld |
|---|---|---|
| **Laerskool Park** | **85,7%** | **65,3%** |
| Kwintiel 5 skole | 70,8% | 57,4% |
| Wes-Kaap skole | 44,5% | 44,7% |




BRAAIHOUT
Mosselbaai
BRAAIHOUT MOSSELBAAI
EST 2014
NOU BRAAI ONS
Jou NR.1 STOP vir kwaliteit vuurmaakhout !
Spidergum hout
!!!60% BETER AS ROOIPITJIE EN 80% BETER AS WATTLE!!!
Bakkievrag van 16 streepsakke vir slegs R1440
DROË HOUT GEWAARBORG!!
(Ons waarborg jou geld terug)
Beste hout in die BAAI !!
Kontak
Lulu: 071 835 0864
MosselBaai, DanaBaai, Hartenbos, Kleinbrak, Grootbrak


NIEK HARTEVELD
OOGKUNDIGE/OPTOMETRIST
NIEK HARTEVELD OOGKUNDIGE VERWELKOM LIZANNE SCHMIDT, WAT AS OOGKUNDIGE BY ONS AANGESLUIT HET.
044 695 1688
066 562 6754
19 Ryk Tulbach Str,
Da Nova, Mossel Bay




# *Skenk bloed:*

## Skoolsaal, Laerskool Park, Mosselbaai

## Dinsdag, 24 Februarie 2026

## 12:00-15:00

BLOEDSKENKVEREISTES:
Wees 16-75 jaar oud. Weeg 50kg+. Wees gesond.
Lei 'n seksueel-veilige leefstyl.

**Download the WCBS App**
**www.wcbs.org.za**

**Western Cape Blood Service**
Do something remarkable

# Loyalty program @ KwaNonqaba Pharmacy

## Why Choose us:

We handle your chronic authorizations
All medical schemes accepted
**Free and convenient delivery services**
Wellness programs
A loyalty program that gives back to your community

## The Loyalty Program:

Earn points on your purchases
Donate points to a school of your choice
Support education while shopping

alpha pharmacies

### Full range of services include:

- Health Screens
- Medical Aid Wellness Screens
- Family Planning
- Baby Clinic
- Vaccinations

### Front Shop Offerings:

- Pharmacy essentials
- Vitamins and minerals
- First aid
- Medical appliances
- Gifts
- Body and beauty
- Studex earrings
- Essence beauty make-up range

info@kwanonqaba.co.za

2 Mooney Street, KwaNonqaba

074 612 8909

044 693 1490

ASTRON ENERGY
QUARTECH

# D'Almeida Service Station

## LAERSKOOL PARK
### LOYALTY CARD PROGRAM

**Points are pointless,**
**CASH IS KING**

## HOW IT WORKS

- Once you have your loyalty card in hand, activating it is effortless.
- Scan the QR code provided on the card to access the sign-up link.
- Enter your basic details and set up your account in moments—no paperwork, no hassle.
- As soon as you're registered, your loyalty card is live, and you can start collecting rewards with every transaction.
- Use your loyalty rewards to make purchases in store or at the pumps.

**Enjoy 10c per litre** cash back on fuel **while your school earns** another 10c per litre.

and

Earn **2.5% cash back** in-store and **we'll match it** with 2.5% for your school.




ASTRON ENERGY
D'ALMEIDA

044 693 1997

13 Mossel Street, D'Almeida, Mossel Bay
(Behind Builder's Home)

# ReACTIVate

RETRO ACTIVITIES AND EATERY



# Book your Experience

**Play Sessions and kids party bookings**

## ACTIVATE
### R3 500
- ✓ 2 hours play time
- ✓ Up to 10 children
- ✓ Supervised play area
- ✓ Basic decorations
- ✓ Party Packs Included

## ELEVATE
### R4 300
- ✓ 2 hours play time
- ✓ Up to 10 children
- ✓ Supervised play area
- ✓ Premium decorations
- ✓ Party Packs Included
- ✓ Kids meal & drinks

## DOMINATE
### R5 300
- ✓ 2 hours play time
- ✓ Up to 10 children
- ✓ Supervised play area
- ✓ Deluxe decorations
- ✓ Party Packs Included
- ✓ Kids meal & drinks
- ✓ Birthday cake

MOST POPULAR

**CONTACT NO.**

+27 79 697 2457

**WEBSITE**

www.reactivate-retro.co.za